KONSEP KINDERSORG- EN BESKERMINGSWET – SAKE VIR OPENBARE BESPREKING

OUERSKAPPLANNE

Beskerming tot die beste voordeel van die kind

Soms het meer as een persoon die verantwoordelikheid vir 'n kind, en in sommige gevalle kan dit tot konflik lei. Dit mag wees dat die ouers van die kind nie kan saamstem nie. Dit mag wees dat die kind in iemand anders se sorg is as die ouers, soos byvoorbeeld die ouma of voogde, wat nie dieselfde ouerskapreëls toepas nie. Om in hierdie gevalle die belange van die kind te beskerm, voorsien die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet **ouerskapplanne**.

Wat is 'n ouerskapplan?

'n Ouerskapplan is 'n ooreenkoms wat enige aspek van ouerskapsgesag kan dek. Dit mag 'n ooreenkoms tussen ouers wees, of dit mag verdere familielede of ander wat met die sorg van die kind help, betrek. 'n Ouerskapplan sou die volgende ooreenkomste kon insluit:

- Waar en met wie die kind leef;
- Betaling van onderhoud;
- Behoud van kontak met die kind;
- Skoolgang en godsdienstige opvoeding van die kind.

Ouerskapplanne is nie-verpligtend en vrywillig. Hulle kan dalk nie in alle situasies nodig wees nie.

Waarom is ouerskapplanne nodig?

Ouerskapplanne is voorsien om dispute te voorkom. Ouerskapplanne kan help dat families besluite maak voordat probleme opduik, om sodoende die moontlikheid van stryd te verminder en die beste belange van die kind te beskerm.

Ouerskapplanne kan deur ouers gebruik word wat geskei het, sodat hulle verder kan saamwerk om hulle kinders groot te maak. Hulle kan gebruik word deur ongetroude ouers om te besluit oor elke ouer se rol in die opvoeding van die kind. Hulle kan gebruik word om 'n ooreenkoms aan te gaan tussen die ouers van die kind en die ouma van die kind wat vir die kind sorg terwyl die ouers in die stad werk. Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet voorsien nie tans genoegsame inligting oor wie ouerskapplanne kan maak nie.

Hoe moet 'n ouerskapplan gemaak word?

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet bepaal tans dat as die versorgers van 'n kind 'n ouerskapplan wil maak, hulle die hulp van 'n prokureur, maatskaplike werker of sielkundige ***moet*** verkry, en dat hulle 'n maatskaplike werker of 'n ander behoorlik-gekwalifiseerde persoon ***moet*** vra om die sake met hulle deur te praat as hulle dit moeilik vind om 'n ooreenkoms te bereik.

Die ouerskapplan ***moet*** skriftelik wees en deur al die partye betrokke by die ooreenkoms onderteken wees. Dit ***kan*** by 'n praktiseerder van die wet geregistreer word of as 'n hofbevel gemaak word. Die mense wat die plan maak hoef dit nie te registreer as hulle wil nie; 'n hofbevel maak dit egter meer afdwingbaar.

Deur die ooreenkoms formeel op skrif te stel sal help as iemand later wil argumenteer oor wat ooreengekom is. Maar deur die hulp van 'n prokureur, maatskaplike werker, of sielkundige te bekom, mag vir baie mense in Namibië moeilik wees.

Afdwinging van ouerskapplanne

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet voorsien nie op die oomblik genoegsame aanwysing oor hoe ouerskapplanne afgedwing kan word nie. Die nuwe Kinderstatuswet voorsien alreeds eenvoudige prosedures oor hoe om met strydvrae tussen ongetroude ouers oor onderhoud, voogdyskap en toegang te handel. Een opsie sou wees om ooreenkomstige prosedures oor hoe om met dispute rakende ouerskapplanne te handel, aan te neem.

MOET NAMIBIË 'N SISTEEM INSTEL OM OUERSKAPPLANNE TE MAAK?

Sekere argumente *vir* ouerskapplanne:

- 'n Ouerskapplan sal help om die rolle en verantwoordelikhede te definieer waar meer as een persoon betrokke is by die sorg van 'n kind – veral waar die mense betrokke nie almal in dieselfde huishouding lewe nie.
- 'n Ouerskapplan sal help om dispute te voorkom wat kinders kan ontstel en selfs tot geweld kan lei.
- 'n Ouerskapplan voorsien 'n opsomming van sake wat betrekking het tot die rolle en verantwoordelikhede van ouers. Dié is bruikbaar as die sake met betrekking tot ouerskap in baie veskillende wette behandel word.

Sekere argumente *teen* ouerskapplanne:

- Die konsepwet verlang huidig van elkeen om professionele bystand te verkry om 'n ouerskapplan te maak, selfs as hulle geen ernstige misverstande het nie. Baie mense in Namibië kan dit nie bekostig nie.
- Baie families voel miskien nie gemaklik om 'n ouerskapplan op te stel nie.
- Ouerskapplanne kan moeilik wees om af te dwing. Dit beteken dat daar uit die staanspoor min sin daarin is om een op te stel.

Sake vir bespreking:

- Sal ouerskapplanne bruikbaar wees?
- Wie deel ouerskapverpligtinge in Namibië?
- Wie sal kan deelneem in die opstel van 'n ouerskapplan?
- Wie kan mense help om ouerskapplanne op te stel?
- Moet ouerskapplanne altyd skriftelik wees, of moet mondelinge ouerskapplanne ook geldig wees?
- Moet ouerskapplanne formeel geregistreer word? By wie?
- Hoe kan die registrering van ouerskapplanne afgedwing word?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591
E-pos: CCPA@lac.org.na
Faks: 088613715
Posadres: Posbus 604, Windhoek

Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak **Monalisa Zatjirua (061-2833116)** of **Celeste Feris (061-2833179)** by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, of **Rachel Coomer** by die Legal Assistance Centre **(061-223356)**.

Dié feiteblad is ontwerp deur die **Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn**, gefasiliteer deur die **Legal Assistance Centre** en ondersteun deur **UNICEF**.

MGECW

unicef